Ds. PJ Kriel 14.04.2024

Inhoud Hierdie preek wys uit die verhaal van Daniël in die leeukuil die verskil tussen ‘n staatsdiens en staatsmag en hoe God ons as sy dienaars altyd bewaar om sy dienaars te bly deur alle magsverskuiwings deur in hierdie wêreld. Dit wys hoe God korrupte staatsamptenare die slagoffers van hul eie korrupsie maak.

Skriflesing Daniël 6; Psalm 57: 15 – 22.

Teks Daniël 6: 28 “Hy wat red en verlos ... dit is Hy wat Daniël gered het uit die koue van die leeus.

Tema
God bewaar sy dienaars tussen leeus om steeds sy dienaars te bly.

1. Kom ons soek leiding in die Woord van die Here met die oog op die komende verkiesings. Daniel 6 wys hoe God vir sy dienaar sorg deur alle magsverskuiwings binne in hierdie wêreld op so ‘n wyse dat sy God se dienaars altyd sy dienaars bly.

Die komende verkiesing is ‘n dreigende magsverskuiwings net soos die magsverskuiwings met die Engelse in 1899, die Afrikaners in 1945 en met Afrika in 1995. Daniël 6 begin met so ‘n magsverskuiwing die Babiloniese na die Persiese ryk toe. Belsasar is in die vorige hoofstuk vermoor om vir die nuwe tiran van Persië. Darius plek te maak. Daniël 6 gaan oor die oor die geveg van staatsamptenare om hulle mag te behou binne die nuwe magsbedeling Wie gaan die topposisies kry en wie moet onder wie werk?

Die geveg onder die staatsamptenare gaan oor die verskil tussen a. ‘m staatsdiens en b. ‘n staatsmag.

Wat is ‘n staatsdiens? Daniël verpersoonlik alles wat ‘n behoorlike staatsamptenaar en behoorlike staatsdiens is. Sy buitengewone gees volgens vers 4 is ‘n gees van betroubaarheid en wetsgehoorsaamheid teenoor God in sy amp. Hy het in sy amp God gedien en was so aanspreeklik teenoor God en die koning in sy werk. Sy buitengewone gees was die wysheid om God volgens sy wet te dien.

Wat is ‘n staatsmag? Dit gaan oor die korrupsie en sluheid van godlose staatsamptenare om hul diensposisie te omvorm na ‘n persoonlike magsposisie toe tot hul eie voordeel. Die sluheid is om die koning te verlei om goddelik te wees. Dit is die posisie waarin die staatsamptenare Darius plaas deur hom te verlei om aanbid te word asof hy vir altyd alle mag vir altyd sal hê. Dit staan lynreg teenoor die geloofsbelydenis wat Darius oor God aan die einde maak : “Want hy is die lewende God wat in ewigheid bestaan; sy koninkryk is een wat nie vernietig word nie, en sy heerskappy is tot die einde toe.” (6: 27)

Deur die koning te vergoddelik verhef hulle hom en hulle self as sy amptenare bo enige aanspreeklikheid vir enige diens en orde, om te maak net soos hy en hulle wil, wanneer hulle wil en wat hulle wil. Hulle skep vir die koning en hulself absolute mag oor alles en almal.

2. Die Persiese staatsamptenare het die bedoeling en aard van die wette van die koninkryk verander deur met wetgewing te eis dat net die koning aanbid moet word en geen god of ander magsfiguur nie.

Hierdie goddeloosheid keer die bedoeling van God se wet om. God eis dat sy wette gehoorsaam moet word moet ons hele hart, siel, versand en al ons kragte en dat mense se wette gehoorsaam moet word as die wette van ‘n naaste vir en tussen naastes. Die goddelose amptenare verdraai die bedoeling so dat die koning se wette gehoorsaam moet word met die hele hart, siel, verstand en al die kragte en God se wette gehoorsaam kan word as net nog ‘n naaste. So maak hulle die landswette absoluut en god se wette relatief.

Wat bereik hulle deur God en mense se wette se bedoeling te verdraai? Daardeur kriminaliseer hulle pligsgetrouheid en wetsgehoorsaamheid. So maak hulle van Daniël as betroubare en wyse staatsamptenaar ‘n krimineel wat volgens die landswette gestraf moet word. Dit aan die een kant. Aan die ander kant wettig hulle hulle korrupsie in die staatsdiens want met eis van absolute gehoorsaamheid aan landswette verhef hulle die koning en hulself bo enige aanspreeklikheid en verantwoording. Hulle kan alles opeis, doen net wat hulle wil, soos en wanneer hulle wil of nie wil nie.

Wie is die leeus en wat is die regte leeukuil?

Darius se leeus was nie deel van die strafprosedures van die regstelsel nie. Dit was die koning se troeteldiere wat simbool van sy mag was. Hy is die koning wat die koning van die diereryk as troeteldier aanhou om te wys alle konings van die aarde hou hy aan vir sy plesier en vermaak.

Die staatsamptenare maak van die koning se magsimbool ‘n nuwe strafmaatreël vir pligsgetroue amptenare wat hulle met hulle goddelose wette gekriminaliseer het. Deur mense met sy troetelleeus te laat verskeur, moet almal in vrees die absoluutheid van die staat teenoor God en mense aanvaar.

3. Die sluheid van die staatsamptenare is om die koning te verlei asof hy die leeu is terwyl hulle hom in ‘n hok vang en aanhou in hulle mag. So maak hulle van die koning die vertoonstuk van hulle mag.

Dit is presies wat Dawid aanspreek in Ps. 57: 3 – 8. Saul en sy staatsamptenare maak van Dawid as pligsgetroue en betroubare dienaar van die Here die krimineel, die staatsvyand en wettig hulle magsug en moordlus as staatsdiens. Hulle wil Dawid vernietig om ‘n simbool te wees hulle mag. Daarom stel Dawid dat hy tussen leeus is wat mense verslind en stel hy sy hoop in God om hom uit hierdie vangkuil te red. Hy bid dat God Saul en sy amptenare self sal laat val in die vangkuil wat hulle vir hom gemaak het – dat sy pligsgetrouheid erken sal word en hulle in hulle eie kriminaliteit verstrik sal word.

Die amptenare maak van die staatsdiens hulle staatsmag en verlei die koning tot absolute mag in sy wetgewing. So val die koning in die leeukuil dat hy magteloos is om Daniel as pligsgetroue amptenaar te beskerm al wil en probeer hy Daniël red van die mag wat hyself gesanksioneer het. Darius is magteloos teen die wettelose en

korrupte mag van die amptenare wat hy in sy wetgewing geskep het. Vasgevang in sy eie goddelose wette toe hy geglo het in sy eie absolute mag.

So maak die staatsamptenare deur die koning ‘n skouspel van hulle absolute mag. Hulle wil dat die magsimbool van die koning hom sal verskeur en vernietig om te wys hoe het hulle hom verskeur en vernietig sodat hulle in hul wetteloosheid en korrupsie bemagtig kan wees.

Daarom is die vraag: “ Wie dien Daniël, die nuwe magsbedeling van die staatsamptenare of dien hy die Here deur alle magsbedelings en magsveranderings heen?” Darius bevestig wie Daniël is in sy eie woorde wanneer hy hom in die leeukuil roep: “Dienskneg van die lewende God wat jy voortdurend dien.” Bedoelende voortdurend deur alle magsverskuiwings en magsbedelings.

Daniël antwoord die koning as dienaar van God en betroubare staatsamptenaar. Hy aanbid God, nie die koning nie maar eer die koning vir sy gesag as koning in die woorde: “My God het sy engel gestuur en Hy het die bekke van die leeus gesluit, sodat hulle my geen leed kon aandoen nie. Omdat ek voor hom onskuldig bevind is. Ook u, o koning het ek geen leed aangedoen nie.” (6: 23) Daniël aanbid voortdurend net vir God en dien alle nuwe gesag, ook heidene met gesag omdat God konings aanstel en afdank.

4. Koning Darius eer die God wat Daniel aanbid met die belydenis: “Hy wat red en verlos en tekens en wonders doen in die hemel en op aarde, dit is Hy wat Daniel gered het uit die kloue van die leeus.” (6: 28)

Die Here het die regte bekke van regte leeus gesluit sodat hulle Daniël geen leed aangedoen het nie. Dat dit ‘n wonder van God is word bewys dat toe die staatsamptenare en hul vrouens en kinders in die kuil gegooi word, hulle onmiddellik deur dieselfde leeus verskeur is.

Met hierdie wonderwerk wys God wat doen Hy met korrupte staatsamptenare wat glo dat hulle in hul sluheid vir hul staatshoof en sy pligstroue dienaars leeus kan wees. God laat hulle deur hul eie magsimbole en magsdemonstrasies vernietig word. Hy laat hulle in die vangkuil wat hulle vir ander maak, gegooi word, vas in hul eiemagtige wetgewing en wetstoepassing op so wyse dat niemand hulle kan help of beskerm nie.

God laat hulle verniel, verwoes en vernietig word deur die koning wat hulle verabsoluteer het. So val hulle in hul eie lokval.

Die komende verkiesing is ‘n dreigende magsoorgang. Die posisie waarin ons is tans gaan nie meer oor beleidsake, dienslewering of selfs oor ideologieë nie. Dit gaan oor die regte leeus – korrupte staatsamptenare! Hulle wil nie ‘n staatsdiens nie maar ‘n staatsmag hê. Hulle wil die president met absolute mag beklee sodat hulle ook teenoor die gemeenskap met absolute mag beklee is. Met hierdie absolute mag kriminaliseer hulle pligstroue en wetsgehoorsame burgers en wettig hulle hul plundering en roof van die land in hul selfopgemaakte magsposisies.

Die bedoeling van die volgende wetgewings wat nou voor die verkiesing deurgedruk word – Onteiening sonder vergoeding, die opheffing van ouers se inspraak in skoolbesture en die nasionalisering van privaat dokters en hospitale gaan alles oor die opbou van die mag – afhanklikheid teenoor staatsamptenare sonder enige aanspreeklikheid of verantwoording.

5. Dit is die leeukuil wat in en met hierdie verkiesing vir ons voorberei word – laat almal die staatsmag aanbid, staatsmag sonder aanspreeklikheid en verantwoording: "Ons gaan julle verslind met grondbesettings en plundertogte. Ons gaan julle onderwerp met moord en brandstigting sodat julle jul onderwerp aan die absolute mag van die staat en sy amptenary."

In hierdie bedreiging moet ons nie angsbevange raak en vra: " Wat moet ons doen nie?" Ons moet vra wat gaan God met sy getroue dienaars doen en wat gaan God met hierdie korruptes doen wat glo hulle is leeus.

En dit is die Here al klaar besig om te doen. Hulle wat glo hulle is leeus is besig om mekaar te vermoor, te ondermyn en te bedrieg in die waan van die mag wat hulle aan die president toegedig het. Hulle is klaar in die vangkuil wat hulle vir ons voorberei het. God is reeds besig om die bekke van die leeus vir ons toe te bind terwyl hulle mekaar reeds verskeur.

Daarom mag ons nie glo in die absolute mag van die regering en ons daarvolgens skik en buig nie. Dit is wat die geestelikes nog die hele tyd met hulle gewaande versoening gedoen het. Hulle wou ons as kerk laat inkoop in die absolute mag van die regering en so onsself as kriminele verklaar en die korrupsie van staatsamptenare regverdig as die gevolge van ons kriminaliteit – ons wat nog steeds pligsgetrou die Here dien en die regering eer.

Ons mag nie hierdie leeukuil aanvaar as 'n regmatige straf vir ons sogenaamde kriminaliteit nie. Dit is 'n vernieling om die mag van 'n absolute staat en korrupte amptenare te demonstreer.

Kom ons hou aan om net die Here met ons hele hart, siel, verstand en al ons krag te doen en die keiser te eer as ons naaste. Kom ons wag op die Here wat goddeloses deur hulle eie magte vernietig en vir sy dienaars hierdie leeus se bekke toebind. Kom ons gaan met hierdie vertroue in God die komende verkiesing tegemoet.